



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2015**

**RELIGIESTUDIES V2**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
3. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat dit beantwoord word.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.

**VRAAG 1**

Mites, oortuigings, doktrine, dogma en ideologie is almal aspekte van godsdienstige leringe wat effense verskillende dinge beteken. Almal verwys na die intellektuele rasionele of filosofiese deel van godsdiens en na die kodering en oordra van godsdienstige betekenis en waarhede.

- 1.1 Bespreek kortliks, in die lig van bostaande uittreksel, die volgende konsepte soos dit in godsdienstige leringe toegepas word. Gee voorbeelde van elk van jou bestudering van 'n godsdiens deur die volgende hoofde te gebruik:

1.1.1	Mites	(10)
1.1.2	Doktrine	(10)
1.1.3	Dogma	(10)
1.1.4	Geloof	(10)
1.1.5	Etiese lering	(10)
		<b>[50]</b>

**VRAAG 2**

- 2.1 Verduidelik hoedat die idees van sonde en boosheid in die Christendom met Taoïstiese idees vergelyk kan word. (20)
- 2.2 Verduidelik die verskil tussen die maniere hoedat Therevada- en Mahayana-skole in Boeddhisme die begrip van die self en verligting verstaan. (10)
- 2.3 Beskryf die stelsel van regering in die Tibettaanse Boeddhisme en verduidelik die Dalai Lama se verhouding daarmee. (10)
- 2.4 Noem die geloof wat die kern van die Christendom is, en TWEE gevolge wat vanuit hierdie geloof uitvloei. (10)
- [50]**

**VRAAG 3**

- 3.1 Verduidelik waarom Galileo se kritiek van die aanvaarde geosentriese teorie van die heelal so 'n uitdaging vir die tradisionele godsdienstige idees van die tyd was. (10)
- 3.2 Hoe reageer godsdienste tot die Groot Knal-teorie? Verwys na verskillende perspektiewe in enige EEN godsdienste. (20)
- 3.3 Bespreek kortliks die verhouding tussen godsdienste en wetenskap. (10)
- 3.4 Daar is 'n bewustheid dat die mens nie 'n unieke vorm van lewe, onverwant met ander organismes op die planeet, is nie. Verduidelik kortliks hoe hierdie bewustheid 'n gelowige se siening oor die mens se plek in die skepping affekteer. (10)
- [50]**

**VRAAG 4**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Dit is nogal duidelik uit die manier hoe die stories in die evangelies ontwikkel dat die Christene wie die evangelies van die geslag na Jesus se dood geskryf het, dit doen van die voorraad van mondelinge geheue. Dit is stories wat moontlik aan hulle deur navolgers oorgedra is.”

[Professor L. Michael White, Universiteit van Texas]

- 4.1 Verduidelik die verskil tussen *normatiewe*- en *beskrywende bronne* in godsdienste. (10)
- 4.2 Beskryf die normatiewe bronne in enige TWEE godsdienste wat jy bestudeer het. (20)
- 4.3 Analiseer enige TWEE van die volgende sekulêre wêreldsieninge:
- Ateïsme
  - Materialisme
  - Agnostisisme
- (20)
- [50]**

**VRAAG 5**

5.1 Verduidelik die siening van elk van die volgende godsdienste oor aborsie:

5.1.1 Islam (20)

5.1.2 Christendom (20)

5.2 Noem enige VYF oorsake van aborsie. (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**